Wapadrant Gemeente

# KwartKrant

kwartaalnuus van Wapadrant

MEI 2023

RUS WAAR JY IS

## Nuusbrief hoogtepunte

- Wapadrant word 40
- Stadbouer Groente
- Jeugkuieraand
- Pasgamaal
- Kwartaal-kuierprogram




## Word ‘n kind

deur Stephan Joubert

***Lees Matteus 18:4***

Vele wyshede kom uit onskuldige kindermonde, nie waar nie? Miskien moet ons meermale na hulle luister. Nee, miskien moet ons ook self weer egte kinderharte kry, soos wat Jesus in Matteus 18 van ons vra. Kinders is waagmoedig, onskuldig, gelowig, leergierig, nuuskierig en avontuurlustig. Elke dag sit die lewe ‘n groot sak vol nuwe opwindende uitdagings voor hulle lewensdeur neer. Ons as grootmense daarenteen, is egter al so voorspelbaar, vervelig en geroetineerd as wat kan kom. Ons avontuurlustigheid en lewenslus is lankal reeds deur die harde grootmenswêreld in en rondom ons gesteel. Ons lewens het net te geyk geraak.

Kom ons neem vandag dan Jesus se uitnodiging ernstig op en word weer kinders. Onthou, Hy sê ook dat die koninkryk van God net vir sulkes bedoel is. Die Gees se nuutmakende werk wil ons juis kleiner en minder vol van onsself maak. Hy wil ons kinderlik laat buig voor ons Hemelse Vader as ons enigste Heer. Die Gees maak ons lief vir God en lojaal aan Hom. Hy dryf ons keer op keer in ons Vader se oop arms in. Die band van liefde, wat die Gees in ons werk teenoor God, kan nie in woorde uitgedruk word nie. Dis ‘n diep fontein van liefde, wat gedurig in ons opborrel en oorvloei in ‘n nederige, liefdevolle band met God.

Gebed:
Laat my weer ‘n kind word in U teenwoordigheid, Here Jesus. Amen.

# CAPE TO CARE

"We've walked for our children who have been failed, failed by their circumstances, failed by their adult figures, failed by their environment, failed by false promises, unaware of how empowered they actually are, and the ability they have to change their circumstances. We've walked for our Children with potential who just need the ONE opportunity to rise above their circumstances and change the failure into freedom."



6 Dinamiese vrouens , 16 dae en 1480km!

Cape 2 Care 2.0 was 'n ongelooflike ervaring. Om fisies elke tree te loop vir 'n kind, vir 'n kind se toekoms en vir 'n kind se drome is onbeskryflik.

Ons land, ons land se natuurskoon, ons land se mense het ons tree vir tree stom geslaan en ons kon die grootheid van ons Here met elke tree saam met ons voel.




Ons het R296 505,00 ingesamel vir Dynamic Women for Children. Al is ons steeds baie ver van ons oogmerk, loop ons harte oor van dankbaarheid. Dankie aan elke individu, familie en besigheid wat ons geondersteun het. Dankie vir elke motiveringsboodskap, gebed en bydrae, ons waardeer dit steeds opreg.

Ons sien uit na die volgende Cape 2 Care staptog. Tree vir tree gaan ons, ons kinders se lewens verander.

## DYNAMIC WOMEN FOR CHILDREN

Dare 2 Care

"Let's raise children who won't have to recover from their childhoods"

## ATTESTATE UITGAANDE NA:

- NG Oosterlig: Morné Small
- NG Tamboerskloof: Jessica Ann en Elsabé Marggraf (van Staden) en dooplidmaat Lara Michelle
- GK Rietvallei: Michiel Heyns en Maureen Meiring (Wheeler)
- Pretoria: Mari-Louise Buys (Coetzer)
- GK Rietvallei: Johanna Christina Terblanche (Viljoen)
- Midstream Familiekerk: Louis Tjaard Petrus en Margreet Venter (Bron) en dooplidmate Carmi Smit en Henno Smit
- Pieter Jacobus Gustavus en Margareth Viljoen en dooplidmaat Christiaan Jacobus
- Larissa Hurter
- Ockert Johannes en Liezel Theunissen (Fourie) en dooplidmate Diwan en Teneàl
- Christiaan en Esedra Krüger (Strasheim) en dooplidmaat Isabella Romana




# Pragtige mosaiek

Pragtige mosaiekitems te koop. Ek doen ook toonbank- en vloer-oppervlaktes. Vir foto's en/of navrae of bestellings, kontak Annette per WhatsApp by 0728784571.



# MINISTRY TO REFUGEES FROM UKRAINE

## Reformed Presbyterian Church of Central and Eastern Europe

Feb. 24, 2023

Dear Brothers, Praying and Supporting Friends,

This is a sad anniversary. One year ago – as soon as the shock-wave of the war reached us – we already had the first refugees knocking on our door. I was not expecting to be involved in a ministry such as this. But the Lord knew better and here I am writing my twelfth update.
Given its geographical location, our congregation was from the beginning a bridge-head in these aid-efforts. We helped people with various ethnic backgrounds: Hungarians from Ukraine, obviously Ukrainians from Ukraine and even Russians from Eastern Ukraine. But in Miskolc all of them were regarded as refugees, since all of them were victims of this war.
I think it would be appropriate to give you a brief summary of what we did during this past year. After doing a little math, I realized that one way or the other we helped and offered assistance to nearly a thousand persons. This does not look a lot, but taking into account the size of our small churches, it is still a significant number. We were active on both sides of the border. Here are a few facets of our ministries:
a) Hosting over a hundred refugees in Miskolc in the first phase of the war. Our church in Budapest offered shelter to about the same number of people. Some of these people stayed just for a few days, others for weeks or months before they moved on.
b) Helping people in Ukraine. As soon as the war erupted the borders were shut down, so many people were stuck in Ukraine. This created all sorts of complications. So we had to stand by them while they remained in Ukraine. In some cases this was a one-time help, in other cases was – and still is – a regular monthly support. We financed families and needy individuals in order that they can buy their own food, fire wood and wood briquettes, later electric generators and other items.
c) Helping refugees in Hungary. This meant helping with food, travel expenses, medicine and renting fees those who were able to cross the border. We also offered free language courses in English and Hungarian for those interested. Beside these, one of our pastor who speaks Ukrainian did interpretation helping Hungarian authorities and state aid-agencies in their work with refugees.
d) At the initiative of our Canadian brothers, then later of some of our Dutch friends we organized two special campaigns distributing winter clothes both for children and adults. This is still in process since we have to transport the clothes to Ukraine.
e) Offering special medical assistance. Due to the galloping inflation (which affected medicine prices too) and the collapse of the state medical system we had to intervene in several cases. Funds were used to assist both with medical treatments and equipment.
f) Just recently, we helped again Ukrainian families with basic food items. These people are temporarily hosted at a camp resort in Mezőkövesd (a smaller city nearby Miskolc). We visited them and distributed food packages to each family.
As I look back on this past year, I have one important observation to make, for which I am so thankful. There was not one request which we had to deny or turn down. The Lord always provided the funds which were really needed. For as many refugees He sent here, He provided for them. And He used you as His helping hands. There are so many international aid organizations, but none of them equals the church of Christ. We received donations from Romania, Holland, Australia, South Africa, USA, Canada, Germany, United Kingdom, Brazil and New Zealand – to name just a few countries. But many individuals from all around the globe offered helped as well.
Lastly, here are a few prayer items:
1) Pray for the end of this war. Each day hundreds of lives are lost on both sides and some are probably lost for an eternity. So keep praying for peace.
2) Pray for the churches in Ukraine. These are discouraging times. Many churches are loosing members. Some of their men are fighting on the front-lines, others moved abroad, others are hiding from the mandatory enrollment. Each group has its reasons for taking a particular position and even that creates tensions within the churches.
3) Pray for us, since logistically things are getting more and more difficult. Because of the escalation of the war and the mandatory enrollment, travelling and distribution of funds and goods is more dangerous. Pray for our safety. We also constantly need to adjust our approach. How to help? Whom to help? What should be our priorities? Pray that the Lord might guide us in this.
Thank you for partnering so faithfully with us in this ministry during this past year.

In His service,

Rev. Imre Szoke

Miskolc/Hungary

## ATTESTATE INKOMEND VAN:

- GK Brooklyn: Cornelius Jacobus Hendrik de Jager
- GK Kameeldrif: Anna Salomina Catharina Botes (van der Schyff)
- GK Rietvallei: Pieter Frederik Hartman
- NG Obelhozer: Maria Jacoba Britz (Vermeulen)
- NG Obelhozer: Susara Maria Pretorius (Jansen van Nieuwenhuizen)
- GK Lydenburg: Cornelis Johannes en Lucille Muller (Hamman) en dooplidmate Cornelis Johannes en Ciara
- GK Waterkloofrand: Yoané Penning
- NG Lux Mundi: Arina du Randt (Kühn)
- Emmerantia Frederika Riek (Venter)
- NG Louis Trichard: Eugenie Wolff (Rudolph)
- APK Pretoria-oos: Friedrich Wilhelm Wolff
- NG Stella: Theunis Jeremia van Breda
- NG Middelburg-suid: Jacobus Andries en Anna Elizabeth Rudolph (Fourie)
- NG Nelspruit-Suid: Hanru Wikus en Roné Swanepoel (Venter)
- GK Klerksdorp-Noord: Sarel Hendrik Jansen van Vuuren


Wil jou kind graag sy/haar wiskunde punt verbeter?

**GR 8 TOT 12**

Kontak Des Boshoff
065 880 2324
Gekwalifiseerde wiskunde onderwyseres (30+ Jr ervaring)
10 jaar departementshoof (Wisk)

desboshoff@gmail.com

# Riglyne: lees jou Bybel en pas dit toe

- Plaas jouself in geloof in God se **teenwoordigheid** en bid om die leiding van die Gees, sodat jy sy stem sal hoor en verstaan. Verwag nou dat God met jou gaan praat.
- Skryf neer wat jy leer aangaande die karakter van God soos geopenbaar in die gedeelte. Dit help ons om die "hart en wese" van God in geloof beter te begryp.
- Skryf neer watter **beloftes** God aan jou maak in 'n spesifieke gedeelte. God se beloftes stel ons in staat om God te volg en die bouwerk aan sy stad aan te pak.
- Skryf neer watter **opdragte** God aan ons gee in 'n bepaalde gedeelte. Ons is geneig om te reageer op ons eie idee van wat moet gebeur. Wanneer ons ons egter deur God laat lei, word ons optrede bepaal deur wat Hy beveel. Net God se plan gaan werk. Hy is die ontwerper van die koninkryk en ons moet dus sy plan en opdrag uitvoer. Maak dus seker dat jy God se opdragte vanuit sy Woord neerpen op papier en in jou hart.
- Skryf neer hoe jy God se beloftes en opdragte gaan **toepas** in praktyk. Laat God openbaar hoe dit wat jy geleer het van Hom nou in praktyk lewendig moet word. Skryf neer wat God op jou hart druk om uit te voer en ook hoe dit uitgevoer moet word.
- **Evalueer** hoe jy dit kon uitvoer en wat jy beleef en geleer het in die uitvoering daarvan. Dikwels, in die uitvoering van God se Woord, beleef ons spesiale dinge van God. Skryf hierdie dinge neer.

*Dis die kos van ons geloof en die getuienisse wat inspireer.*

Deur hierdie proses sal ek nooit meer twyfel of God leef of bestaan nie, ek sal Hom beleef in sy krag wat deur die Gees in en deur my werk. Dis belangrik dat ek myself **verantwoordelik** hou om die Woord toe te pas. Sonder hierdie toepassing is al die kennis kragteloos om enige impak te maak. Hier kan ek ook ander mense of 'n groep gebruik om my te help om verantwoordbaar te wees in die uitlewing van die Woord.

## Boekbekendstelling

**Reformed mission in Southern Africa. The way forward**

Hierdie boek van 312 bladsye is geskryf deur 24 skrywers wat kundig is op die gebied van gereformeerde evangelisasie in Suider-Afrika. Hulle gee 'n breë prentjie oor sake en wat die vereistes is vir die pad vorentoe. Tot dusver gaan dit nie goed met gereformeerde evangelisasie nie, maar wat is die tekortkomings en vereistes vir die toekoms? Bekende skrywers soos onder andere proff Flip Buys, Naas Ferreira en Koos van Rooy (emeritus), ds Sipho Phungula, dr Willie Zeze, ds Johannes Aucamp, dr Brian DeVries en talle ander bied waardevolle insigte om te voorkom dat die foute van die verlede nie herhaal word nie. Die potensiaal en die geleenthede is enorm. Boek om te lees, te leer en op die regte manier te begin doen.

Te koop by die Administratiewe Buro, Potchefstroom teen R190.00 per kopie (posgeld uitgesluit). 25% afslag word aangebied aan boekwinkels.
018 297 3986/7/8/9, bestellings@gksa.co.za

Ware woorde van Tania Joubert

Jy is nie...

Jy is nie jou geld nie. Jy is nie waar jy woon nie. Jy is nie jou werk, jou kar of jou huis nie. Jy is nie jou aantal vriende of Facebook following nie. Ook nie jou Facebook status nie.

Jy is hoe jy mense laat voel. Jy is hoe jy mense hanteer. Jy is wat jy van iemand sê wanneer hulle jou nie kan hoor nie. Jy is wat jy ander mense gun.

Maak saak. Gee om. Hê lief. Hê genade. Dink voor jy praat. Doen iets sonder om iets terug te verwag. Probeer verstaan. Verras. Bederf. Sê dankie. Sê asseblief.

Dis al.

# Huis Ebenhaeser




Ons kleingroep is al etlike jare betrokke by Huis Ebenhaeser, Daspoort, Pretoria. Die Barmhartigheidsdiensgroep van Wapadrant gee ook maandeliks kruideniersware aan die huis. Op 12 Maart 2023 besoek van ons kleingroeplede hulle en maak dit sommer 'n lekker kuier. Ons het hul trakteer met heerlike worsbroodjies, paaseiers en sap. Die kinders wat die betrokke Sondag daar was het 'n pragtige opvoering vir ons gedoen. As mens daar wegry besef jy net weer met hoe min hul tevrede is en hoe dankbaar hul is vir almal se hulp om die 15 kinders 'n veilige tuiste kan bied.

Johnny en Soekie Thomas is reeds vanaf 1981 in beheer van alles. Agter in die erf is ook volwassenes wat daar woonagtig is en wat so dankbaar is dat daar wel 'n dak oor hul koppe is.

Kontak Soekie of die kerkkantoor indien jy betrokke wil raak.

*Our mission at Huis Ebenhaeser is to take care of every child as if they are our own, and every effort is made to create a stable atmosphere so that the children can enjoy a life that is as close to normal as possible.*

- *The children at the Huis Ebenhaeser are provided with three meals every day,*
- *a schedule of medical and dental appointments,*
- *and a safe, comfortable and warm home environment.*

*We want children to be able to grow in a nurturing environment and know that they are cared for in every possible way.*





Soekie 064 284 3491 | Die kerkkantoor (012 991 1395)

www.huisebanhaeser.co.za




# franna

Ek bied basiese opleiding en inligting aan in rekenaargeletterdheid

Vervoer na winkels, dokters, besighede en lughawe. Ek sal ook saam met u wag tot nadat aankope gedoen is en behulpsaam wees met pakkies☂.

Ek doen ook basiese hersteldienste by u aan huis bv. portrette en gordyne opsit, lekkende krane en los skroefies en werkies.

Skakel 081 069 8320



# GKSA Sustersaamtrek: 11 Maart 2023

## Om weer op te staan

Dit was nie 'n saamtrek nie, eerder 'n fees, soos 'n familiefees! 'n Lekkerte!

Die susters van die GK Derdepoort, het voorwaar 'n eersteklasfunksie gereël. Van oor die hele Pretoria het sowat susters saamgetrek by die NGK Montana. Die gemaklike geselsies en vroegoggend se koffie en beskuit, het almal gou laat tuis voel. Sommer so met die intrapslag is almal se harte verbly met groot geskenkpakkies. 'n Baie kreatiewe toeritsinkopiesak tussen al die bederfies, het die kroon gespan. Die oulike sakkie troef enige groot kettingwinkel se ontwerp!

Teetyd is heerlike vars muffins bedien, en ons het gekuier... Na afloop van die saamtrek, toe almal half onwillig was om afskeid te neem, is ons verras met 'n heerlike middagete en nagereg! Toe kon ons langer bly en nog kuier.

Die optredes van die gaskunstenaars het die oggend as onvergeetlik in elkeen se gemoed ingebrand. Magda Beukes, bekende aktrise en TV-ster, het getuig hoe sy die Here aangeneem het en sedertdien al dekades haar talent en lewe toewy aan die "The Jesus Fan Club", 'n jeugopheffingsprojek wat sy bedryf. Met haar eenvroudrama, "Maria Magdalena",het sy 'n intieme vertolking gelewer van hoe Maria Magdalena Jesus leer ken en volg het. Magda se optrede was gratis, sprekend van haar liefde vir die Here in wie se diens sy nou werk.

Mathys Roets se optrede was die hoogtepunt! Sy getuienis oor hoe God beskik het in sy bykans noodlottige motorfietsongeluk en die talle humoristiese staaltjies oor sy lewe in 'n rolstoel, was verrykend en opbouend. Selfs padwedlope of 'n angsrit op 'n Karoo-grondpad in sy rolstoel, blyk vir Mathys iets normaals te wees! Absoluut niks stuit hom om ondanks sy gestremdheid, voluit te lewe nie.

Ons het heerlik geluister na trefferliedjies soos "In my lewe" en "Gebed" en ander, maar ook eensgesind gewens hy wou net aanhou en aanhou sing.Aan die einde van die oggend het ons almal besef:
"Dis moontlik om weer op te staan."

Judy Streeter en Stella Botha






# WAPADRANT STADBOUERS

Die tyd het aangebreek om die mou op te rol en te help om 'n verskil te maak in die honger wêreld. Twee groente-projekte is van stapel gestuur met die doel om honger magies met groente te vul.

Die grond onder die skadunet op die kerkterrein is omgespit en kool uie, spinasie, radyse, beet, wortels, en rape gesaai. Die hoop is om aan die einde van die winter dié groente uit te deel in die omgewing.

"So by my kool"-projek wil hoop bring deur in Augustus minstens 300 koolkoppe uit te deel. Danksy projek koördineerder, Johan du Plessis, is koolsaad en -saailinge op 14 Mei uitgedeel. Almal is uitgenooi om die hand aan eie ploeg te slaan, 'koolkop' te bly en hul opbrengs kerk toe te bring op 20 Augustus. (Indien die koue met knaende tande toeslaan sal ons die datum aanpas).

Hoe 'kool' is dit!





# JEUGBEDIENING IN WPR

*– 'n Studie gedoen deur Dr. Hendrik van Deventer (Jeugbediening konsultant)*

Die Kerkraad het in 2022 besluit dat daar 'n deeglike studie gedoen word oor die effektiwiteit van ons gemeente se Jeugbediening. Vir die doel is Dr. Hendrik van Deventer gevra om as 'n konsultant, soortgelyke studie kom doen met gepaardgaande aanbevelings aan die kerkraad. Hendrik het meer as 20 jaar ervaring in Jeugbediening en was veral in GK Linden betrokke gewees om die gemeente se Jeugbediening uit te bou tot 'n alombekende en suksesvolle bediening in ons kerkverband.

Nadat hy heelwat tyd in konsultasie spandeer het met heelwat rolspelers in ons gemeente het hy 'n voorlegging gemaak aan die Kerkraad by 'n vergadering op 08 Maart 2023.

Hier volg 'n opsomming van die terugvoer wat hy uit die gemeente gekry het sowel as sy waarnemings, bevindinge en aanbevelings:

A) WAT WERK: (Positiewe eienskappe wat Hendrik waargeneem het in WPR)

1) 'n Groot gemeente met heelwat gesinne en is dus baie potensiaal vir 'n effektiewe Jeugbediening.
2) Die jeug van WPR het nog nie vertroue in die kerk verloor nie.
3) Daar is heelwat gemeente gemeente-geleenthede waarby die jeug ook betrek word.
4) Kommunikasie na die jeug is tans effektief. (Sou wel nog meer op hulle vlak en metodes kon verbeter)
5) Daar is 'n voltydse jeugwerker wat agter die skerms die bediening koördineer en organiseer.
6) Daar is tans 'n klein groepie betrokke ouers met 'n passie om Jeugbediening te ondersteun en te help uitbrei.
7) Die jeug word soms aangewend in die gemeente om te help, soos onder andere by eredienste, veral rondom die tegnologiese dele en in die orkes, maar dit is tans nog baie beperk.
8) Die huidige leraars (Peet en Rassie) se prediking is suiwer, relevant en verstaanbaar vir die jeug. Hulle betrek ook die jeug in die eredienste / by die preke.
9) Die huidige belydenisbeleid / metodes en afrondings-geleenthede is baie effektief en word elke keer deur 'n predikant behartig.
10) Die speelarea op die kerkterrein is 'n groot pluspunt.
11) Die jeug het die grootgroep-byeenkomste ens wat aangebied is, baie geniet.
12) Soms is daar ook kleingroepe-byeenkomste en dienswerk projekte. (Dit kan egter nog baie uitgebrei word).
13) Die katkisasie of in WPR se terme jeugkleingroepe word deur sommige as positief beleef.
14) Die gemeente se fasiliteite vir jeugbediening, sowel as die finansiële ondersteuning in die begroting word tans as positief ervaar.
15) By sommige groepe is hulle bly dat die meisies en die seuns saam kan wees.

B) WAT WERK NIE: (Tekortkominge wat Hendrik waargeneem het in WPR)

1) Ouers wat nie deel is van die bediening aan die jeug nie.
2) Dat die straatkafee-erediens weggeval het en geen alternatief in die plek daarvan ingestel is nie.
3) Dat die jeug nie enige verteenwoordiging het 'n die besluitnemingsprosesse van die gemeente nie.

C) WAT MOET VERBETER: (Uitdagings wat Hendrik waargeneem of gehoor het in WPR)

1) Verbeter die oorgang van die Gr7 groep na die Hoërskool
2) Afkondigings oor Jeugbedieningaktiwiteite, tydens eredienste.
3) 'n Plek waar die kinders se behoeftes gehoor kan word.
4) Kleingroepleiers / volwasse begeleiers moet langer betrokke bly by elke spesifieke graadgroep om so ook verhoudings te bou en 'n rolmodel kan wees.
5) Die ouers se denke oor hulle rol in Jeugbediening moet verander word. (Hulle moet besef hulle het die grootste invloed en moet hierdie verantwoordelikheid besef en begin opneem). Betrokkenheid, hulpmiddels en opleiding vanaf die Jeugbediening is kardinaal hiervoor.
6) Jeugbediening is nie net die oordrag van kennis nie, maar 'n proses om die jeug te begelei na geestelike volwassenheid. Die elemente daarvan moet geïdentifiseer word en deel uitmaak in die fasilitering daarvan aan die jeug, met praktiese ervaring en inoefening as deel van die bediening.
7) Bywoning deur die jeug by Sondae jeuggroepe en ander byeenkomste is tans nog laag en moet verbeter.
8) Om vriende by die kerk te hê is ook belangrik en sal so fasiliteer en uitgebrei moet word.
9) Die speelgronde kan nog uitgebrei word en het herstel nodig. (By laasgenoemde was daar egter nou 'n groot poging)
10) Relevante bediening vir die onderskeie portuurgroepe word benodig.
11) 'n Volledige en bekende noodhulparea word benodig.
12) Meer klas-/groepinteraksie is voorgestel.
13) Dit wat aangebied word moet die kinders trek. (Hulle belangstelling prikkel met sake wat relevant is en in konteks tot hulle leefwêreld). Dat die jeug se voorstelle ook belangrik is en in ag geneem word.
14) Die inhoud van die ODOS leermateriaal moet ook gekoppel word met die prediking op Sondae in die eredienste.
15) Bemarking van aksies / byeenkomste moet nog meer verbeter.
16) Moontlike verbeterings en byeenkomste wat voorgestel was: Ouer- en kinderaksies/-geleenthede saam, eie jeug-eredienste volgens portuurgroepe en jeug-uitreikgeleen-thede en -aksies.

D) WAT IS BELANGRIK: (Belangrike elemente wat deel moet wees van Jeugbediening)
1) Alle generasies moet betrek word in Jeugbediening, selfs die senior lidmate,
2) Dissipline en herhaling.
3) Nie vermaak nie, maar ŉ geloofspad.
4) Ouerbetrokkenheid is kardinaal.
5) Die Bybel moet sentraal bly. (Integriteit van die teks moet gedra word)
6) Evalueer gereeld "Hoekom doen ons goed". Tref dit nog die kol? Bereik dit die vooropgestelde uitkomste en doel?
7) Musiek se rol is belangrik.
8) ŉ Stelling om te onthou: "Ek kan jou nie vertrou as ek jou nie ken nie"

E) WAAROOR DROOM ONS: (Sake wat Hendrik gehoor het)
1) Iemand wat 'n diensjaar doen.
2) Saameet-geleenthede / Kuiers by 'n huis / Ken Mekaar
3) 1 tot 1 gesprekke.
4) Klimraam in binneplein.
5) Spasie vir tieners.
6) Gelowige in die wêreld.
7) Geïntegreerd met die gemeente se bedieninge. Stadsbouertema se elemente moet deel wees van Jeugbediening. (Geestelik, sosiaal /omgee/ maatskaplik / uitreik, omgewing, finansies)
8) Eredienste vir tieners.
9) Lofprysing / "Worship" (Is my maats of ander "kids" in die band). Atmosfeer vir Heilige Gees om te werk
10) Moontlike byeenkomste / geleenthede: Pizza - maak saam pizza; Kleingroepe; Gereelde kuiers; Bou iets te Ficksburg; *Gameroom* aande; Youtube video's saam kyk; Kamp op kerkterrein
11) Baie meer mense betrek.
12) Meer skakeling met ander in die kerkverband.
13) Vriende.
14) Bemagtig jeug om self inisiatief te neem.
15) ŉ Jeugpredikant op jongmense se vlak.
16) Waar die jeug hulle harte deel.
17) Idees van jeug.
18) Meer uitreikaksies.

F) AANBEVELINGS: (Soos deur Hendrik aan die kerkraad oorgedra en aanvaar is)
1) Stel ŉ taakspan saam om Jeugbediening te evalueer, beplanning te doen en voorleggings daaroor aan die Kerkraad te maak. (ŉ Taakspan is ook reeds aangewys). Neem die volgende in ag:
a) Gebruik Hendrik se voorlegging en aanbevelings, soos ook hier bo opgesom, as die basis waaraan hierdie taakspan gaan werk.
b) Stel ŉ konsep-implementerings plan saam vir voorlegging aan die Kerkraad.
c) Doen ŉ finansiële uiteensetting / beplanning vir die bg. plan en behoeftes, wat dit sal ondersteun, wat dan by die plan ingesluit kan word. (Begroot dus daarvoor)
d) Betrek tieners uit die gemeente op hierdie taakspan. Die taakspan kan ook ander lidmate koopteer om deel te wees van die taakspan.
e) As tydlyn en eerste teikendatum, word einde April 2023 gestel vir die eerste terugvoer, rakende hierdie bg. beplanning, aan die Dagbestuur en later die Kerkraad.
2) Dat daar ŉ 3de predikant beroep moet word met as hooffokus Jeugbediening. (Hierdie aanbevelings is reeds besig om deurgevoer te word, deur die Kerkraad)

G) HOE LYK DIE JEUGLERAAR: (Eienskappe soos deur Hendrik uitgewys, wat in ag geneem kan word) Uit die boks kan dink; tieners verstaan; iemand wat gesien sal word as ŉ "champion" vir die jeug; sterk persoon; goed met verhoudings; ŉ "cool dude" / regte persoonlikheid; predikant as eerste keuse; regte ouderdom; spontaan / entoesiasties / inspirerend; betrek ander mense in die bediening; dinamies; goeie spreker; musiek maak, kan voordelig wees; uitreikhart; jonk van gees; passie en begrip vir die jeug; kan ŉ man of vrou wees; lief vir die Here / Jesus; tegnologies sterk veral met sosiale media (om maar ŉ paar belangrike eienskappe te noem om in ag te neem by die keuse vir beroeping).



# WAPADRANT DAMESAAND

"Woensdagaand 29 Maart is ‘n kunsvlytaand vir dames by die kerk gehou. Enigeen kon dit bywoon en elkeen moes ‘n bordjie eetgoed saambring. Die projek vir die aand was om ‘n notaboek te versier vir jouself of om as ‘n geskenk te gee. Daar was heelwat voorbeelde van klaarversierde boekies en items om dit mee te versier om die kreatiewe denke aan die gang te sit.

Die dames moes self hul boekies verf en terwyl die verf droog word was daar tyd vir eet, drink en kuier. Daarna moes die versierings uitgekies en geplak word. Dit was ‘n lekker geleentheid om iets kreatief te doen en met vriendinne te kuier.

Dankie aan Riana Stapelberg en Helena Aucamp wat die voorbereidings vir die aand gedoen het.







# KWARTAAL-kuierPROGRAM

- 21 Junie - Seniors Sop en Sjerrie
- 22 Junie - Jeugaand
- 21 Julie - Belydenisaansoeke sluit
- 23 Julie - Verwelkom nuwe intrekkers
- 9 Aug - Vrouebyeenkoms
- 20 Aug - Matriekviering
- 26 Aug - Kameeldrift Damesoggend




## Boekbekendstelling

Ons deel graag die inhoud van hierdie bundel met oordenkings uit die Filippensebrief met ons geliefdes. Dit is in A4-formaat met 'n skrifgrootte wat maklik leesbaar is. Dit is ook geskik om as geskenk aan iemand te gee of as koffietafelboek vir besoekers en huisgenote @ R130 per bundel.

082 202 4227 ja.schutte1@gmail.com



# EL-PIDA SE PASGAMAAL (PESACH)











"Douvoordag is die El-pidá spannetjie aan die werk om die laaste voorbereidings vir die Pasgamaal te tref. Die Pesach- tafel word gedek met elemente wat simboliese betekenisse het. Die voorportaal word getooi met Bybelse elemente soos onder andere, ongesuurde brood en groot bloedrooi granate.
Die handewassers, met hul Joodse klere aan, wag die gaste in. Met mirrewater word elke gas se hande gewas.
Op vernuftige wyse vleg ons verteller die goue draad van Jesus se liefde deur hierdie Joodse gebruik vir ons in. Die strepies in die Matzah- brood verteenwoordig die geselmerke op Jesus se lyf en die gaatjies stel die wonde aan Jesus se liggaam voor. Ons raak intens bewus van Sy liefde en genade vir ons. Die pietersielie gedoop in soutwater verteenwoordig die trane en swaarkry van die Jode in Egipte en dit bring ons by ons eie woestynreis uit.
Ons dink aan ons verhouding met Jesus, met ons familie en met mekaar. Daar is 'n gekookte eier op die tafel wat die belofte van 'n nuwe lewe voorstel. 'n Nuwe kans wat ons met mekaar het, asook met Jesus en met ons familie , om dit wat verkeerd is reg te stel.
Aan die einde van die maaltyd, van tradisionele lamsvleis en groente, is almal traag om huis toe te gaan. Ons bou ons eie verhoudinge met mekaar om die tafel. In ons hart weet ons dit is tog waaroor die lewe gaan.
Dankie El-pidá wat nie net 'n organisasie is nie maar ook 'n verhouding stigter. Die oggend het ons gees verryk.
Deur Suzette Gidlow

**Pesach Interessanthede**
Voor die Pesach word huise skoongemaak en die vrou steek 'n kers op. In die haas om Egipte te verlaat was daar nie tyd om die suurdeeg te laat rys om brood te bak nie, vandaar word die ongesuurde brood (Matzah) geëet. Die 3 stukkies Matzah in die wit servet – die middelste stukkie is gebreek – word gebêre vir die latere 'afikomen'. Dis die Griekse woord vir 'iets besonders'. Dit verteenwoordig die Vader, die Seun (wie gebreek is), en die Heilige Gees.

Elemente op die tafels was
1.Pietersielie in soutwater gedoop verwys na die trane en verdriet van verwerping en swaarkry
2.'n Been van die lam (wat geslag word as Pasga-offer – hoender-been word ook gebruik)
3.Bitter kruie herinner aan die bitterheid ervaar tydens die swaarkry in Egipte
4.Charoset (gekapte appel, neute, wyn en kaneel) herinner aan die modder vir stene wat die Israelitiese slawe in Egipte moes maak
5.'n Gekookte eier is die teken van die nuwe lewe
6.Groen groente (seldery of pietersielie) is 'n teken van lyding

Die 4 glasies Nagmaalwyn is vir
1.Jesus het ons uit verdrukking gebring
2.Jesus het ons vrygemaak van die slawerny van sondes
3.(die 'afikomen') Jesus het ons gered met 'n uitgestrekte arm en kragtige dade
4.Jesus het ons vir Homself geneem

Groete
El-pidá Dienssentrum
28 Maart 2023

# KAMEELDRIFT: 21STE DAMESOGGEND

## Handevat vir die President Kruger Kinderhuise




Dit is die seën van ons getroue Vader wat vir kinders sorg!

Op 26 Augustus(DV) is dit die 21e verjaarsdag van die Gereformeerde Kerk Kameeldrift se oggendtee ten bate van die kinderhuise in Pretoria en Reddersburg. Ons weet julle gemeente wil ook graag deel wees van die landswye projek en die goeie nuus is, julle kan!

Die twee kinderhuise is grootliks ons kerkverband se verantwoordelikheid. Baie gemeentes dra reeds vir die kinderhuise ruim by. Ons vra tog van julle ook 'n bydrae. Die impak van so 'n groot finansiële inspuiting op een slag, is groot. Die kinderhuis maak die geskatte inkomste van die projek reeds deel van hul begroting.

Verlede jaar is die damesoggend deur ongeveer 660 vroue bygewoon. 'n Rekordbedrag van R352 000 is aan die kinderhuise oorhandig danksy die wins van die damesoggend en die R33000.00 wat ons as donasies gekry het van gemeentes oor die res van die land. Dankie weer eens aan elke gemeente wat n bedrag gestuur het.

Enige bedrag is welkom!- van R100 - R10 000 en meer.

## Veiling op 26 Augustus

As julle bewus is van lidmate wat 'n vakansiehuis/woonstel besit en moontlik 'n week of naweek vir ons veiling sal aanbied, kontak ons asseblief. Die veiling bring elke jaar 'n groot bedrag in.

Bemark die projek in jul gemeente en vra ook vir individue om by te dra. Kom ons samel hierdie 21e feesjaar, 'n rekordbedrag in! Help ons hierin. Bid ook dat die fondsinsamelingsprojek kan voortbestaan en bid vir die kinders in die kinderhuise.

Stuur asb 'n e-pos voor 30 Junie om te laat weet indien julle 'n bydrae gaan maak. Die donasie moet verkieslik in ons rekening inbetaal wees voor of op 5 Augustus.

As u enige vrae het, is u welkom om te skakel.
Dankie by voorbaat

Susan Fourie (Tel: 082 745 4117)
Susters Gereformeerde Kerk Kameeldrift

**Rekeningbesonderhede:**
ABSA Gereformeerde Kerk Kameeldrift
Tjekrekeningno:1430 810 088
Verwysing: Kinderhuisdonasie + gemeente naam

# Winterkom Mussie-projek

Dit is vir my 'n besondere voorreg om 'n baie groot dankie te sê aan elke gemeentelid wat vir die mussieprojek saamgebrei het – of 'n donasie om wol te koop, geskenk het. Die projek was 'n baie, baie groot sukses en ongeveer 580 mussies is gebrei wat geskenk gaan word aan o.a. Missio Dei, twee kinderhuise, Hospies-instansies en die Kankervereniging.

Enige mussies wat nog uitstaande is, kan asb. so gou moontlik by die kerkkantoor ingehandig word. Wees verseker dat elkeen se positiewe gesindheid, bereidwillige samewerking, ywerige breivingers en oop beursies baie, baie waardeer word. Dankie!

Ronelle Venter
Mussie-koördineerder











Louis Botha Kinderhuis

tel | (012) 333 6184
www.louisbothachildren.co.za
5 Briscoe Lane, Queenswood, Pretoria
NPO Reg: 181-992 NPO

30 Mei 2023

Kerkraad & Gemeente
Gereformeerde Kerk Wapadrant

Per epos: admin@gkwapadrant

Geagte Kerkraad & Gemeente

BAIE DANKIE: GRYS GEBREIDE MUSSIES

Ons beskik werklik nie oor die korrekte woorde om ons opregte dank uit te spreek vir die wonderlike en skenking van **handgebreide mussies** wat op 17 Mei 2023 deur Dr. Ronelle Venter by Louis Botha Kinderhuis afgelaai is nie - BAIE DANKIE! In 'n uiters uitdagende seisoen, is dit werklik 'n riem onder die hart as donateurs vanuit die gemeenskap onder ons vlerke inskuif. Dra asseblief ons opregte dank aan die Gemeente en elkeen oor wat deel gehad het aan hierdie skenking, ons is inderdaad **diep dankbaar**!

As Kinderhuis wat twee persele in Pretoria bestuur en 365 dae per jaar holistiese sorg in 'n veilige, koesterende omgewing vir kinders tussen die ouderdomme 3 - 18 jaar aanbied, is dit werklik so 'n voorreg dat **Gereformeerde Kerk Wapadrant** met ons hande vat om 'n verskil vir ons kinders te maak. Tans word **93 kinders in 9 huise** op die perseel by **Louis Botha Kinderhuis** en 199 kinders in 20 huise op die perseel by Jakaranda Kinderhuis versorg. Ons versorg skoolgaande kinders wat deur die Kinderhof in ons sorg geplaas word, holisties.

Die subsidie van die staat dek slegs sowat 50% van ons totale uitgawes dek, vir die verskil leun ons swaar op die gemeenskap, besighede en individue vir donasie en skenkings. Ons bied ook fondsinsamelingsgeleenthede aan en het die afgelope twee jaar verskeie volhoubare projekte bekendgestel waarop ons baie trots is – ons Good Socks (wat deur ons eie kinders ontwerp is) en Finders Keepers Thrift Shop (op die terrein by Louis Botha Kinderhuis). Ons uitgawes sluit onder andere medies, terapie, skoolklere, skryfbehoeftes, kos, klere, behuising en vervoer na & vanaf **20 verskillende skole**, wat kleuter-, laer-, hoër- en spesiale skole insluit; in.

Ons visie en elke poging is om ons kinders te bemagtig en met vaardigheidsontwikkeling toe te rus om as verantwoordelike volwassenes hul plek in die gemeenskap te kan vol staan. In die huidige ekonomiese klimaat en met gepaardgaande druk op alle vlakke, is dit werklik 'n daaglikse uitdaging om al die balle in die lug en ons kinders gemotiveerd te hou, daarom is ons so diep dankbaar teenoor donateurs soos **Gereformeerde Kerk Wapadrant** wat ons kinders in julle harte het – wees verseker hierdie donasie maak 'n reuse verskil!

*"A child must know that he is a miracle, that since the beginning of the world there hasn't been, and until the end of the world there will not be, another child like him." ~ Pablo Casals*

Kinderhuisgroete,

**Ina Kotze**
Hoof: Bemarking & Fondsontwikkeling (Jakaranda- & Louis Botha Kinderhuis)
Tel: 012 800 4700 / 012 333 6184
Epos: ina@jacarandachildren.co.za

*En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee? ..vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen. (Matt. 25:38-40)*

Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys

001-597 NPO
PBO 130001311
April 2023

# WINTERHART VAN *Hoop!*



Liewe vriende, soos julle weet, verleen die Instituut hulp aan haar skole om aan die behoeftes van minderbevoorregte leerders te voldoen. Tans ontvang ongeveer 817 kinders hulp op die een of ander manier, wat insluit klere en skoolskoene, voedsel, sanitêre ware, skryfbehoeftes, koshuisfooie, en vele meer. Kom ons maak ons harte oop en gee warm hoop waar dit so nodig is vir hierdie winter.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Projek Sonskyn | Projek Warmlyfie | Projek Volmagie | Projek Waardigheid | Projek Skoolskoene |

## Hoe kan JY 'n verskil maak?




- Kontantdonasies ('n 18A belastingaftrekbare sertifikaat is beskikbaar).
- Skenking van items/produkte soos klerasie (skool en gewoon), voedsel, sanitêre ware, skoolskoene, komberse, serpe/musse/handskoene, skryfbehoeftes...
- Kry 'n gratis MySchool-kaart en maak TOIBO een van jou begunstigdes.
- Bestel jou Loslitdagplakkers vir 1 September by TOIBO.

**1 952 leerders** | **817 behoeftige kinders** | **R1 028 690 geskenk 2022**




Sonitusskool vir Gehoorgestremdes is die vyfde skool wat deur die Instituut se toedoen tot stand gekom het, en het hul deure geopen op 10 April 1973. Die skool, geleë in Jan Niemandpark, Pretoria, bied vandag onderrig en opleiding aan ongeveer 380 leerders met gehoor- en ander leergestremdhede. Baie dankie, Sonitus, vir jul omgee en goeie onderrig aan ons kinders met spesiale behoeftes!

# WAPADRANT SE VERJAARSDAGFEES





"Op 28 Mei 2023 het Wapadrant sy veertigste verjaarsdag gevier!

Ons het saam die dae afgetel deur terug te dink, items aan liefdadigheid te skenk en die Here te dank dat Hy so goed was vir ons die afgelope 40 jaar.

Die fees het reeds Vrydagaand begin met 'n fliekaand en kerrie en rys. Saterdag het almal gesmul aan braaivleis terwyl die kinders speletjies gespeel het. Die vieringe het gekulmineer in 'n wonderlike gesamentlike erediens, terugblik en smaaklike eetgoed.

Hartlik geluk, Wapadrant! Aan God alleen die eer!














# DIE SAAIER IS HIER

Hallo Bybelvennoot

Sedert ek in Maart as Uitvoerende Hoof amptelik die leisels oorgeneem het, was dit omtrent 'n druk besige tyd.

Maar dit is niks nuuts hier by die Bybelgenootskap nie. Ongeag wie aan die hoof van dinge staan, bly die Bybelmissie 'n voortdurende taak en diegene wat toegewyd is aan die werk, ploeg getrou voort.

Dit is egter nie net my kalender wat oorloop nie. My kollegas op die grond, ons kerkvennote en donateurs is almal deurgaans besig met die besonderse taak om die Woord van God te versprei.

Jy kan meer hieroor lees in ons jongste Saaier wat hierby ingesluit is. Ek vertrou die stories wat daarin vervat is, sal jou inspireer en tot seën wees.







Vriendelike groete

Ds Rodney van Wyk
Tussentydse Uitvoerende Hoof

biblia@biblesociety.co.za +27 21 910 8777

# AL SOU DIE VYEBOOM NIE BOT NIE



Al sou die vyeboom nie bot nie, Here, en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie. Al sou die olyf-oes misluk, en die lande geen oes lewer nie . . .

En al sou die verlang tot diep in my oë gaan lê, en die bang en onsekerheid bietjies-bietjies in my hart wegkruip.

Al sou die pad kilometers vol grond en gate voor my voete uitloop, en my hart se probeer moeg raak.

Al sou my oë sukkel om die son raak te sien, die son wat U elke dag op my pad kom neersit.

Al sou my kop aanhou probeer om my hart te verstaan, en my bid party dae moeg voor U kom kniel . . . nogtans sal ek in U bly glo.

Sal ek glo dat U hart goed is, en liefde is.

Nogtans sal ek elke môre stil luister of ek U stem hoor.  Want dit is U wat vir my die krag gee om elke oggend op te staan en my stukkie pad voluit te stap.

Dit is U wat my hart se huil stilmaak en die stukkies verlang gaan wegbêre, daar waar dit hoort.

Dit is U wat die verlede se onthou toevou in U hande, en dit eenkant neersit, daar waar dit my nie meer kan raaksien nie.

Dit is U wat langs my kniel en my optel, as die pad vir my te lank word.

Daarom sal ek glimlag oor U.

Daarom sal ek elke oggend U vrede diep in my hart gaan wegbêre.

Daarom sal ek my kop oplig en die lewe stil in die oë kyk . . . want U, Here, loop saam met my.  Elke dag.  Altyd.  En dit is vir my genoeg.

Amen

# NET VIR DIE JEUG

## Jeugkuieraand

Ouers en kinders is dit eens - die jeugkuieraand was een vir die boeke! Hartlike dank aan elkeen wat dit moontlik gemaak het.

*Dit was 'n baie lekker aand met klomp verskillende dinge wat ons aandag vasgevang het. Ek het veral gehou van die sang- dit was baie spesiaal om saam my vriende die Here op so 'n manie te kan loof en prys. Die video's was ook baie toepaslik en het die boodskap goed oorgedra. Baie dankie aan Oom Errol wat dit gereel het.*

*Sanri (13 Jaar)*





Die kinders het dit baie geniet. Hulle het lekker gesing en rond gedans en vir maats gebid terwyl aan hulle skouers geraak het.

'n Nuwe spesiale lied wat hulle geleer het was 'Deep cries out'. Een van my seuns het gesê dit was een van die lekkerste aande van sy lewe! Hy het ook vir maats by die skool van hierdie spesiale aand vertel.
Liesl Olivier

*Dit was nogal snaaks - die video van die ligtoring. Dit het die kinders se aandag getrek.*

*Dit was baie spesiaal om by jou vriende te kan sit.*

*Gerli (9 Jaar)*



# NET VIR DIE JEUG




Hier is jou geleentheid om deel van die wees van die Moot- of MootLitekamp. Volg die aanlynskakel om in te skryf. Dis 'n fees!


SKRYF IN VIR DIE MOOTKAMP

SKRYF IN VIR MOOTLITE



# FINANSIES

## Januarie tot April 2023:




NDie afgelope 4 maande in 2023 kan soos volg opgesom word:
Tans beleef ons nog die seën en voorsienigheid van ons Hemelse Vader op finansiële gebied, in hierdie gemeente. Na 4 maande is daar tans 'n bedryfsurplus van R 473 363. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n paar lidmate wat eenmalige groot bydraes gemaak het oor die genoemde tyd. Vir hulle kan ons net weer ons dank betuig dat die Here dit so in hulle harte gewerk het om so die Koninkryk te laat groei en vir die uitbreiding van die evangelie op aarde.

Die bedrag hierbo genoem het betrekking op die totale finansies van die gemeente. Daar is 4 aparte fondse wat verdiskonteer moet word in die benadering tot die gemeente se finansies, wat soos volg uiteen gesit kan word:

**Barmhartigheidsbediening** = Surplus van R 278 629
**Uitreikbediening** = Surplus van R 3 604
**Jeugbediening** = Tekort van R 126 246 (hierdie tekort word vanuit die Kerkkas gedra)
**Kerkkas** = Surplus van R 191 131

Meer agtergrondinligting:

- Die gemiddelde bydrae, geneem vir al die huidige potensiële bydraepunte (gesinne of enkellopend) in die gemeente, beloop tans ongeveer R 834 per maand per bydraepunt.
- Omdat nie almal tans bydraes gee nie, is die gemiddelde bydrae per bydraepunt in die gemeente wat al een of ander bedrag afgestaan het in 2023 (gesinne of enkellopend), tans ongeveer R 1837 per maand.
- Ongeveer 46% van die lidmate dra tans finansieel by.
- Die vaste maandelikse uitgawes beloop gemiddeld R 818000 per maand. (Dit sal binnekort verhoog wanneer die 3de voltydse predikant hier begin diens doen.) Alhoewel die begroting tans R 1 022 549 per maand benodig, wat laasgenoemde insluit.
- Daar was darem 'n gemiddelde groei van 6.4% in die inkomste vir 2023 in vergelyking met dieselfde tydperk in 2022. (Uitgawes het in die dienooreenkomstige tydperk met 3% verhoog.)

# FINANSIES...

| Dankoffer inligting | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Maand einde | Aantal potensiële *bydrae punte | Aantal punte wat geen beloofde bydrae gemaak het nie | Aantal punte wat beloof het maar geen bydrae maak nie | Aantal punte wat agterstallig is | Getroue bydraers |
| Jan 2023 | *(1 098 )<br>**(1 619) | 473<br>43.08 | 159<br>14.48% | 14<br>1.28% | 452<br>41.16% |
| April 2023 | *(1 093 )<br>**(1 627) | 467<br>42,73% | 130<br>11,89% | 53<br>4,85% | 443<br>40,53% |

Hou asseblief in gedagte, vir hierdie gemeente om effektief te moet kan funksioneer, is daar heelwat finansiële verpligtinge wat nagekom moet word, wat meebring dat daar finansiële bydraes ontvang moet word, vanaf die lidmate, waaruit die bedryfsuitgawes dan gedek kan word. Daarom maak ons staat op elke lidmaat se dankoffer bydraes.

Indien lidmate nie oorbetalings aan die gemeente doen nie, beteken dit die ander lidmate in die gemeente, wat wel bydraes maak, "borg" die nie-bydraende lidmate, vir die genoemde uitgawes wat aangegaan moet word.

Moet asseblief nie die genoemde finansiële bydraes, (wat in kerkterme ook 'n Dankoffer genoem word), in die liefdegawesakkie plaas nie, want die liefdegawes gaan nie vir dieselfde doel nie. (Maak gebruik van die dankoffervorm)

MANIERE VAN AFDRA VAN DANKOFFER

· Direkte inbetaling op kerk se bankrekening / per internetbank of / per aftrekorder by jou eie bank.

Bankbesonderhede: Gereformeerde Kerk Wapadrant, ABSA rek nr 349 0151 957, takkode 632 005. BAIE BELANGRIK: Naam, van en doel as verwysing. (Behalwe in die geval van 'n anonieme inbetaling.)

· Indien jy anonieme bydraes wil maak, plaas kontant/tjek in 'n koevert en sit in liefdegawesakkie of doen 'n elektroniese oorbetaling in kerk se bankrekening.

· Debietorder: Reël met kerkkantoor by kantoor@gkwapadrant.co.za of volg hierdie skakel vir vorm http://www.wapadrant.co.za/finansiele-sake.html

· Nog 'n manier om jou dankoffer/liefdegawe oor te betaal:

Snapscan – Vir gerieflike en vinnige betaling

Gaan na http://www.wapadrant.co.za/finansiele-sake.html vir instruksies.

Snap here to pay

SnapScan

SnapScan


# MUSIEKSTYLE OPNAME – MAART 2023

Hier volg 'n opsomming van die onlangse opname wat in die gemeente gedoen is rakende die verskillende musiekstyle in ons eredienste:

(Daar was 229 lidmate wat gereageer het)

Watter erediens woon u die meeste by?

229 responses





Hierna kon die lidmate slegs hulle keuses uitoefen by 'n spesifieke erediens se musiekstyl en die verdeling was soos volg:
177 reaksies by die Kontemporêre styl en
52 reaksies by die Klassieke styl.
Hier volg die resultate van die onderskeie vrae wat beantwoord is:

## *Kontemporêre styl:*


1. Dra musiek by dat u God heelhartig kan loof, aanbid en eer?

177 responses





2. Skep die musiek voor die erediens 'n atmosfeer van lof en aanbidding?

177 responses




3. Hou u van die wye verskeidenheid van instrumente wat die liedere begelei?

177 responses





4. Is u tevrede met die liedkeuse: Psalms, Liedere uit die Liedboek, Vonkk, Flam en bekende eietydse liedere?

177 responses




5. Wat is u mening oor die aantal liedere wat tydens die erediens gesing word?


177 responses




## Klassieke styl:

1. Dra die musiek daartoe by dat u God heelhartig kan loof, aanbid en eer?

52 responses




2. Skep die musiek voor en na die erediens 'n atmosfeer van lof en aanbidding?

52 responses





3. Is u tevrede met die liedkeuse: Psalms, Skryfberymings en Liedere uit die Liedboek?

52 responses




4. Wat is u mening oor die aantal liedere wat tydens die erediens gesing word?

52 responses





Die algemene uitkoms en die afleidings hieruit is soos volg:


- ’n Groot persentasie van die respondente by beide die eredienste is tevrede met die huidige manier van doen.
- Daar is wel ook kennis geneem dat die jongmense se mening waarskynlik nie reflekteer in die resultate van die opname nie.
- By die Kontemporêre styl: Behalwe vir die paar individuele insette, is die trefkrag van die styl ook in die kol. Hier behoort die terugvoer in te sluit dat die kombinasie van orrel en klavier deeglik waardeer word.
- By die Klassieke styl: Almal gelukkig, maar dit is opmerksaam dat dit slegs +/- 20% van deelnemers / respondente verteenwoordig het.
- Die ekstra kommentare wat ontvang is, alhoewel soms baie uiteenlopend, kon bydra daartoe vir ’n beter verstaan/begrip oor die reaksies en sal ook in ag geneem word waar dit relevant ’n positiewe bydrae kan maak.




**Ons beloof u die BESTE prys op u voorskrif!**
**Email u voorskrif na wapadrandphy@gmail.com vir 'n verpligting-vrye kwotasie.**








**Ons apteek is oop en gereed om na u en u familie se gesondheids-behoeftes om te sien. Kom gesels gerus met Ivan en sy vriendelike span vir enige advies.**




**Kom ontspan met 'n heerlike koppie koffie vir slegs R9-99 by ons Bean Tree koffiewinkel.**



**APTEEK BESIGHEIDSURE:**
MA - VR 07H00-19H00
SATERDAE 09H00-17H00
SONDAE 09H00-15H00

**KLINIEK BESIGHEIDSURE:**
MA - VR 08H00-13H00
SATERDAE 08H30-14H00
SONDAE GESLUIT



Pharmacy at SPAR



| Kliniek Dienste - Suster Carla Snyman | Prys |
|---|---|
| Familie Beplanning (insluitend voorraad) | R 160.00 |
| Pyn Verligting Inspuiting slegs (Voltaren/Xefo) | R 160.00 |
| Vitamen B12 (fles) (insluitend voorraad) | R 50.00 |
| Vitamen B CO (fles) (insluitend voorraad) | R 50.00 |
| Vitamen B CO & B12 (insluitend voorraad) | R 100.00 |
| Neurobion Inspuiting (insluitend voorraad) | R 160.00 |
| Tetavax Inenting (insluitend voorraad) | R 200.00 |
| Bloedglukose (Cardio ondersoek) | R 150.00 |
| Cholesteroll (Cardio ondersoek) | R 150.00 |
| Kind Immuniserings fooi (uitsluitend voorraad) | R 120.00 |
| Konsultasie Fooi (uitsluitend voorraad) | R 70.00 |
| Wond Behandelings Konsultasie (uitsluitend voorraad) | R 50.00 |
| HIV Toets (insluitend toets stel) | R 160.00 |
| Urine Toets | R 70.00 |
| Verwydering van Steke | R 100.00 |
| Oor Spoel (Beide ore) | R 160.00 |
| Bloeddruk alleen | Gratis |

**GRATIS AFLEWERING BINNE 20km RADIUS!**
**061 533 1791**

VOLG ONS OP SOSIALE MEDIA

# SORG MET EER

Die verloop van ons versorging

U is bewus daarvan dat 'n gemeente kragtens Art.13 en 20 KO verantwoordelik is vir die versorging van sy emeriti, op dieselfde wyse as vir die dienende predikant, kragtens Art.11.

Die gemeentes van die GKSA het dit deur die jare gedoen met behulp van die EPPW en W Fonds. Dit het egter duidelik geblyk dat ons op 'n meer vaste basis moet voorsiening maak vir ons emeriti. Daarom het ons kerke in 1994 die Predikante Pensioenfonds gestig, waar kragtens die kerkraad 12,5% en die dominee 7,5% van sy traktament in die pensioenfonds inbetaal. Dit het ons predikante in 'n gesonde voorsieningsposisie geplaas vir die diensjare na 1994.

Dit is egter die voorsiening vir die diensjare voor 1994, wat nie deur die Pensioenfonds gedek word nie, wat groot uitdagings gebied het. Om dit die hoof te bied het al ons kerke in 1994 die Emeritaatsversorgingskombinasie (EVK) gevorm om saam hande te vat om ons emeriti en hul afhanklikes te versorg vir die diensjare voor 1994. Vir die doel het die EVK die Emeritaatsversorgingstrust (EVT) gestig om die versorging deur middel van kollektes en ramings saam te kon behartig. Predikante wat voor 1994 geëmeriteer het word ten volle uit die EVT versorg, en predikante wat voor en na 1994 in diens was word deels versorg deur die Pensioenfonds en deels deur die Emeritaatsversorgingstrust.

Daar is altesaam 289 persone wat met behulp van die Trust versorg moet word. Ongeveer 90 egpare, 90 weduwees, 15 wewenaars en enkele afhanklike kinders.

Die skeefloop van ons versorging
Die Trust het egter as gevolg van vier faktore oor die laaste jare ernstig probleme op die lyf geloop. Dit is:
·Die dalende lidmatetal, wat die bron van inkomste verminder het;
·Die langer lewensverwagting wat groter eise aan die kerke stel;
·Laer as verwagte beleggingsopbrengs, veral deur die tyd van resessie;
·Gebrek aan offervaardigheid van ons lidmate en kerke wat groot bedrae agterstallige ramings teweeggebring het.

Vir 2022 was die uitbetalings uit die Trust R28m en die inkomste R17m

Dit het tot die gevolg gehad dat
·Ons emeriti die laaste 6 jaar geen verhoging gekry het nie;
·Die saldo in die Emeritaatsversorgingtrust prakties uitgeput was teen die einde van 2022.
As gevolg hiervan was die Trustees genoodsaak om in Julie 2022 by die Ledevergadering van die Kombinasie (EVK) aan te beveel dat die versorging met 25% gesny moet word. 'n Trust kan tog nie geld uitgee wat hy nie het nie.

Die rampspoedige gevolg vir ons emeriti

*Dit sou krities-nadelige gevolge vir ons emeriti, en veral die weduwees hê. As gevolg van die gebrek aan verhogings die afgelope ses jaar is die versorgingsbedrag vir 'n egpaar wat in geheel uit die EVT versorg word, maar ongeveer R21 000. Trek 25% af, dan is die totale versorging slegs R15 750. Die Medies moet nog daarvan afgetrek word, dan bly daar minder as R10 000 per maand oor, vir alle uitgawes, verblyf en ekstra medies ingesluit. In baie gevalle is dit werklike nood.*

U sal saamstem dat dit ons emeriti in 'n kritieke situasie sou stel. Ja, ons weet dat daar emeriti is wat ekstra bronne van inkomste het, maar dit onthef tog nie ons kerke van ons verantwoordelikheid nie, net soos wat ons nie ons dienende predikante se traktament verminder as hy ander inkomste het nie. In baie gevalle is die emeriti en veral die weduwees al hoogs bejaard, en is daar nie ander bronne van inkomste nie.

'n Verlaging in 25% in die versorgingsbedrag, dit nog na 6 jaar waarin inflasie die bedrag wat dieselfde gebly het reeds met maklik 50% in reële waarde verminder het, sou ons emeriti weerloos en ons kerke eerloos maak. Ons kan tog nie ons finansiële uitdagings aan ons emeriti oorlaat nie!

Wat is ons antwoord?
Ons kon dit doodeenvoudig nie laat gebeur nie. Ons moet onthou dat die Trust wel net 75% van die versorgingsbedrag kan betaal, want 'n Trust kan nie geld uitgee wat hy nie het nie. Maar ons het nie net die EVT nie, ons is tog saam in die EVK, die Emeritaatsversorgingskombinasie. Daarom is die ledevergadering van Julie opgevolg met een in September, waar die ledekerke deur hul afgevaardigdes byna eenparig besluit het, en die Deputate dit bekragtig en verfyn het:

- Dat die kerke in kombinasie die ontbrekende 25% sal aanvul en nie die versorgingsbedrag sou verlaag nie.
- Dat ons nie daarvoor die ramings gaan verhoog nie, omdat ons gemeentes redelik ramingsvoos is, en ons eerder op die beginsel van bydrae na vermoë gaan staatmaak.
- Dat ons vir die ontbrekende R11.5m per jaar 'n spesiale projek, Sorg Met Eer sal loods en dat die ledekerke onderneem om die projek te ondersteun om die "Ek sal kan doen met 11 miljoen!" moontlik te maak.
- Dat ons 'n buitengewone poging gaan aanwend om van die agterstallige ramings van meer as R20m in te kry, aangesien agterstallige ramings wat inkomdie bedrag van R11.5m aansienlik kan verminder.
- Dat 'n projekbestuurder aangestel en professionele kundiges geraadpleeg sal word om hierdie projek te bestuur, te bemark en onder ons kerke te bevorder. (Ek is toe aangestel as Projekbestuurder en die professionele organisasie wat ons gratis help met bemarkingsmateriaal is Helpende Hand van die Solidariteitbeweging.)
- Die tekort behoort na 6 jaar vinnig te verminder en na 10 jaar iets van die verlede te wees.

Vordering tot dusver
Ek kan met dankbaarheid rapporteer dat ons tot nou toe ongeveer R5m van die R11,5m kon verkry.

- Ons het tot nou toe hoofsaaklik gefokus op die bekendstelling en bewusmaking van die Sorg Met Eer projek.
- Verder het ons die Kerkrade genader vir bydraes, maar dit het nog nie die gewenste resultate opgelewer nie.
- Enkele groot bydraes van vermoënde individue het ook reeds gesorg vir 'n mooi deel van die inkomste.
- Ons is nou op die stadium waar ons fokus op ons lidmate, hoe ons van ons gewone lidmate oor 'n breë basis 'n goeie deel van die benodigde bedrag kan inkry.
- Die volgende fase is spesiale projekte waarby gemeentes en lidmate betrokke kan raak. Dit sal aan die kerkverband bekendgemaak word.
- Ons het ook die sustersorganisasies van die kerke direk genader, en 'n bydrae deur diakonieë wat daartoe in staat is sal baie hoog op prys gestel word.

Ds Cassie Aucamp (Projekbestuurder)

# SUSAN VAN DER WESTHUIZEN - 100JAAR



Susanna Catharina Petronella van der Westhuizen is gebore op 30 Mei 1923 in die Naboomspruitdistrik, maar het aan die voet van die bekende Kranskop grootgeword en skoolgegaan.
Sy is die 2de oudste van 8 susters (3 van die 8 susters leef nog). Haar ma, ouma Annie, het die rype ouderdom van 101 jaar en 9 maande bereik!

Ria West, Susan se dogter by wie sy woon, sê die volgende:
“Haar gesondheid is nog redelik goed.  Bedags lees sy, bou legkaarte, doen blokkies-raaisels en is nog net so helder van brein en op hoogte en alle nuus. Sy het onder andere twee maande terug een dag besluit daar moet ‘n baksel vetkoeke gemaak word en het dit suksesvol afgehandel.

Ons luister na die eredienste op die radio en TV want dit is te moeilik om te hoor in die kerk. Sy dank die Here vir sy groot genade en liefde wat Hy haar nog daagliks skenk – sy is voorwaar geseënd”.

Nadat Susan tydens die erediens op 28 Mei geluk gewens is, skryf Ria "My ma en ek wil almal bedank vir haar spesiale geskenk en gelukwense in die kerk.  Dit is ‘n groot bederf. Die sing van die seënbede was vir haar baie spesiaal en iets wat sy altyd sal koester.

Baie dankie vir hierdie mooi wense. Ek kan nie my lewe sonder haar indink nie. Dit is so n groot voorreg dat ons nog saam kan wees. Ek dank die Here vir Sy groot genade wat hy nog daagliks oor haar uitstort. Dit is so n groot mylpaal.

Liefdegroete van ons 2."








SPAR
Store of the Year 2022
Winner
WAPADRAND
KWIKSPAR
KWIKSPAR
NORTH RAND
STORE OF THE YEAR
AWARD
2022
AWARDED TO KWIKSPAR
Wapadrand
THE BEST!
BILTONG
R219-99 P/kg
Pharmacy at SPAR
Free Quotes on Prescriptions
FREE DELIVERIES 25km RADIUS
061 533 1791
wapadrandphy@gmail.com
RENEW YOUR VEHICLE LICENCE DISC IN-STORE
KWIKSPAR
WAPADRAND
renewonline
VEHICLE LICENCE DISCS RENEWED INSTORE!
CLINIC
@
Pharmacy at Spar Wapadrand
Wapadrand Centre
Pretoria
visit us at
SPAR PHARMACY WAPADRAND
your health is our priority
087 702 6668
Mon-Fri 8am - 3pm
Sat 9am - 2pm
Sun Closed
Sr Carla Snyman
SERVICES
• Primary Health Care
• Screening
Blood pressure
Glucose
Cholesterol
HIV
• Family Planning
• Immunisation
• Wound Care
• Injections
momentum multiply
Discovery Vitality
DELISHOP
DELICATESSEN FOODS
FREE DELIVERIES!
25km RADIUS
bean tree
Coffee shop
Instore
5% pensioners discount EVERYday at Spar AND Pharmacy (Excl dispensary)
PRETORIUM TRUST & KOOPKRAG CARDS ACCEPTED




Scriptura is 'n gereformeerde internet-bediening, wat o.a. bestaan uit 'n blog waar verskillende artikels van aktuele belang geplaas word. Radio Scriptura is ‘n weeklikse podsending wat poog om Skriftuurlike inhoud op ‘n interaktiewe wyse te versprei. Ons “Scriptura Publikasiesafdeling” is ook aan die groei met boekies wat gepubliseer word en hopelik in die nabye toekoms ook ander materiaal. Alles is beskikbaar op ons webblad - www.scriptura.co.za.

Ons artikels en podsendings is alles gratis beskikbaar op ons webblad. Ons verkoop ons publikasies teen minimale bedrae om drukkostes te dek en ook ons fondse aan te vul. Buiten die verkope van ons publikasies is ons dus afhanklik van lesers en luisteraars se donasies. Ons vriendelike versoek aan u is of u asseblief sal oorweeg om 'n eenmalige of maandelikse donasie aan Scriptura te maak.

Bankbesonderhede
Gereformeerde Kerk Graaff-Reinet
ABSA
Rekening nr: 38004741240
Tak kode: 632005
Verwysing: Scriptura

## Toerustingsmateriaal - Expando

Expando is bewus daarvan dat baie predikante uitstekende toerustingsmateriaal ontwikkel het en in hulle gemeentes gebruik. Ons wil dit baie graag ook aan ander gemeentes beskikbaar stel,


**Vir ouderlinge en gemeente toerusting: Hoe verklaar ons die Bybel?**
www.expando.org.za

**Toerusting vir huisgesinne & Huisgeloof (met al die vat dit huis toe sessies):**
https://gkbomy.sharepoint.com/:f:/g/personal/reynold_gkbo_org_za/Eg9Cqsw6uWxHgZdeFVwQOOoBTunfYOxGVI4yvrbZraeEgw?e=92tRcu

**Toerusting vir huisgesinne & Huisgeloof opnames en videos:**
https://gkbomy.sharepoint.com/:f:/g/personal/reynold_gkbo_org_za/EgRsTxb3KeJHvUt1yGRzhpQBiIGWip5uvAvk66U6HMJOIg?e=sJ8735

# Kwartaalblad se nuwe naam

En daar  sit ons turf! Ons het 'n nuwe kwartaallikse nuusblad sonder naam. Met die bekendstelling van die blad in Februarue 2023, het ons ook gevra dat lidmate idees instuur vir die nuwe naam.  Uit die voorstelle moes 'n nuwe naam gekies word. Dankie tog vir tegnologie! Dit het dit vir ons moontlik gemaak om 'n opname te maak en lidmate te laat kies watter naam hul verkies.




Die wennaam is **KwartKrant**

Hartlik geluk aan **Bart Kooi** wat die wennaam ingestuur het. Jy ontvang 'n geskenkbewys vir biltong met komplimente van Hendri by Wapadrant Spar.

